Volhoubare Missionale Kerkwees
Gespreksbord

Bybel-Media Volhoubare Missionale Kerkwees

Hierdie gespreksbord is die ideale hulpmiddel vir die leierskap in gemeentes wat nuut oor volhoubare missionale kerkwees wil dink.

Eerstens help dit deelnemers om bewus te raak van die huidige funksionering van hulle gemeente en die bedieningskeuses wat daaragter lê.

Tweedens sluit dit vir hulle moontlikhede oop wat binne ons huidige kerkreg aanvaarbaar is. Dit maak gelowiges se verbeelding los oor hoe hulle hulle as 'n plaaslike gemeente nuut kan posisioneer om aan God se groot beweging in die wêreld deel te neem.

Let daarop

1. Hierdie produk vorm deel van 'n gefasiliteerde proses. Dit is ontwikkel saam met Communitas se fasiliteerders. Ons beveel aan dat gemeentes wat die gespreksbord wil aankoop eers met Communitas skakel om seker te maak dié hulpmiddel sal vir hulle bruikbaar wees.
2. **Belangrik:** Die gebruikers knip self die kaarte uit voordat hulle die produk begin gebruik.
3. Al die kaarte is in volkleur op ligte maar duursame karton (240 g) gedruk.

Doel

Die doel van hierdie hulpmiddel is om gemeentes te begelei in 'n proses van onderskeiding oor die voorkeur- missionale bedieningsmodel vir hulle konteks. Alle opsies wat by die 12 kaarte beskikbaar is, is kerkordelik goedgekeur.

Hierdie hulpmiddel werk die beste as 'n leiersgroep van 'n gemeente saam deur die proses van onderskeiding gaan.

Proses

Die proses moet begelei word om te verseker dat dit 'n veilige ruimte is en dat almal se mening gelyke gewig dra. Indien julle meer as een gemeente tegelyk fasiliteer (soos 'n dorp se gemeentes), maak seker daar is 'n fasiliteerder by elke gemeente.

1. Maak die kaart oop en pak al die kleurkaarte uit op die spasies van A tot L.
2. Begin by A en vra die vraag op die eerste bladsy: Wie bedien ons? Lees nou elke kaartjie in die hopie rustig deur en maak seker almal weet wat dit beteken. Indien nodig, lees ook die voorbeelde. Laat hulle die een kaartjie kies wat hulle gemeente op hierdie oomblik die beste beskryf.

   Let wel, mense sal graag meer as een wil kies, want meer as een kaartjie sal vir hulle waar wees. Dit is egter baie belangrik vir die proses dat net een keuse gemaak word. Daar is by elke hopie ook 'n leë kaartjie waarop nog moontlikhede geskryf kan word.
3. Werk deur al die kaartjies van A tot L. Hierdie proses sal 30 tot 60 minute kos.
4. Nadat almal 'n rustyd gehad het, kan jy 'n tweede stel uitpak. Indien jy net een stel het, kan jy tydens teetyd die 12 blokkies asook die voorkeurkaartjies op 'n blaaibord oorskryf.
5. Pak dan weer die kaart uit soos aan die begin.
6. Dit is nou belangrik om 'n onbedreigde toekoms te verbeel (*envision*), maar dis ook belangrik om dit nie so ver in die toekoms te maak dat dit glad nie realisties is nie. Jy kan byvoorbeeld sê: "Waar sien julle die gemeente oor tien jaar?" Of, as die konteks anders is: "Waar sien julle die gemeente oor drie jaar?" (Dit is 'n goeie vraag wanneer 'n leraar dalk oor twee jaar aftree.)
7. Laat die groep weer by blokkie A begin. Met hierdie toekomsverbeelding kies hulle die kaart waarheen hulle glo die Here roep hulle – God se voorkeurtoekoms vir die gemeente. Hierdie tweede rondte duur gewoonlik langer om te voltooi.

Ontknoping

Plaas albei modelle langs mekaar en vra die volgende vrae aan die groep:

- Watter verskille sien julle in die twee bedieningsmodelle?
- Wat sal maklik geïmplementeer kan word, wat sal moeilik wees?
- Wat dink julle is die kortste tyd waarin die gemeente hierdie verandering kan maak?
- Wat is die stremmende kragte? Wat is die grootste geleenthede?
- Wat is die volgende stap?
- Wie se verantwoordelikheid is dit?
- Watter span of groep gaan hom/haar help?